

Maandag 25 Mei 2020 Nabetrugting van Sondag Boodskap

Gegroet uit die pastorie

Kennis is, soos indringers, mooi en gevaarlik. Kennis, soos byvoorbeeld weergegee deur statistieke, kan maklik so aangebied word om mense te beïnvloed. Die kennis aangebied oor die coronavirus het net een vrug en dit is vrees. Die waarheid is meer realisties en al is dit soms onaangenaam om te hoor, bring dit meesal lig eerder as duisternis. Feite moet altyd in konteks bestip word, anders bring dit verwarring.

Deesdae word die mensdom bombardeer met inligting en meeste so deur die digitale kommunikasie bane. Dit is wonderlik en waaghalsig te gelyk. Om fopnuus te raaksien is nie altyd maklik nie. Digitale inligting het altyd iets ten doele en om nie in die slaggat van misleidende inligting te val nie, moet mens waaksaam wees. Geen mens is so kundig dat hy in alle opsigte altyd ten opsigte van alle informasie kan weet wat reg is en wat verkeerd nie.

Hoewel die uitdagings vinniger en meer word byna per oomblik, is die behoefte aan wysheid ten opsigte van ons leefwêreld so oud soos die mensdom. Met al die kennis wat die mens inneem en al die wonderlike insigte vanuit die wetenskap, voel die mens meer in beheer. Deesdae is die lewe dikwels 'n gejaag na sukses of oorlewing. Rusdae word mens nie gegun nie en die natuur word net so uitgemergel. Dan slaan 'n pandemie toe wat 'n vrees-pandemie word en dan 'n ideologiese pandemie en dan 'n ekonomiese vernietigende pandemie ens. Dieselfde kan gesê word van tsoenami's, aardbewings, vulkaniese uitbarstings wat die mens geen beheer oor het nie. Dieselfde kan ook gesê word van kernkragentrales wat opfrommel deur oorverhitting en die aardverhitting waarmee die mens 'n stewige bydrae lewer tot die soort van rampe.

Die Bybel belig die gebeure in beginsel reeds in die begin van Genesis: Gen 2:7-9 & 3:1-10 :: Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het. Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon. 9Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis. // Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere. Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekrui tussen die bome van die tuin. Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekrui."

As jy fyn en aandagtig luister met 'n oor om te wil hoor, sal jy dalk ook die Here se stem hoor wat na jou roep – al is dit deur die insigte en inligting en koerant-artikels. Die stem van die skepping wat jou herinner dat jy met 'n rede geskep is en dit is om die skepping beter te maak. Maar daarmee saam sal God se Woord jou herinner dat dit onmoontlik is om altyd die nodige wysheid en insigte soos nodig te hê. En tot jou vreugde mag jy dalk ontdek dat jy meer as 'n liggaam is, weliswaar 'n lewende siel omdat God se Gees in jou is wat jou help en lei in die waarheid en na die lig. Wat jou herinner jy is nie die skepper nie, maar wel die afskaduwing van God en toegerus om God op aarde te verteenwoordig en sy wil uit te voer.

Maar soos Eva en Adam gesien het, lyk die lewe in eie krag baie aantreklik. En as jy eet van die vrugte van die boom van alle kennis, dan gaan jy te make kry met die goed en die kwaad wat vrugte is van dieselfde boom – en die onderskeid sal jy nie ken vanuit jou eie insigte nie. Dis baie nodig en baie beter om die leiding van God te aanvaar en daarmee jou doel in die lewe uit te leef. Ongelukkig lyk dit asof die mens keer op keer eers die les moet leer voordat dit aanvaar word. Eers moet die mens insien dat hy kaal en verlore is sonder die bystand en hulp van sy Skepper.

Ons is kinders van ons era. Ons is nou uitgeskop uit 'n ander soort van paradys. Ons uitdagings is nou anders as Adma en Eva s'n. Maar die beginsels is dieselfde. 'n Suksesvolle lewe is onmoontlik sonder die Skepper se hulp wat jy moet aanvaar. Daarom kan ons dankbaar wees dat die Jesus Christus nou vir ons intree en sy Gees vir ons beskikbaar gemaak het sodat elkeen van ons wat dit versoek en aanvaar 'n volkome lewe kan beleef.